

## 17 Junie 1 Johannes 2:7- 11

(Teks: 2:9)

### ***Geen haat in die lig nie***

Die apostel is baie ernstig as hy dit sê. Hy is te ernstig, te streng. En tog, dis die volle waarheid. O, as dit maar in ons harte indring! Om te sê dat jy 'n Christen is, 'n kind van God, 'n opregte gelowige, en dan nog 'n broeder of suster te haat, is so in teëspraak met mekaar dat elkeen sommer kan aanvoel hier is fout; die dinge klop nie.

So 'n mens kan baie vroom praat, so mooi en so dierbaar, maar as jy nog 'n naaste haat, dan is jy nog in die duisternis, dan is al jou vroomheid niks werd nie. Die lig en die lewe in Jesus Christus gaan nie met haat en nyd gepaard nie, maar enkel die liefde. Dis die teken dat jy oorgegaan het uit die duisternis in die lig. Anders beteken dit net een ding - jy is vals, jy lieg. Jy doen jou voor vir wat jy nie is nie.

Neem die woord dus maar so ernstig en nougeset op soos wat moontlik is, want God bedoel dit so ernstig. Ons swakheid mag nie 'n verskoning wees nie, maar moet ons uitdryf tot smeking om die krag van Jesus se Gees om ons hierin te oefen. Dan word dit hoe langer hoe meer in ons lewe werklikheid. Dis salig om die liefdesbeginsel te ken en om die broeders en susters lief te hê en liefde te betoon. Dan, sê Johannes, bly ons in die lig.

Sing Psalm 133

Ds. T.A. Liebenberg (Emeritus)